

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-6 (AFR53)

Fokusgedeelte: Romeine 7:4

Waarom dra ons vrugte wat God verheerlik?

Efesiërs 2:10 en Sondag 32 (Heidelbergse Kategismus) praat van die gedagte van goeie werke wat God voorberei het. Hier word gepraat van vrugte wat gedra kan word. Die sake hou verband met mekaar. Wat word bedoel en waarom moet ons dit doen?

Dit handel in ons voorgelese gedeelte oor die weg tot saligheid. Vir die Jode was dit streng volgens die wet. Dit was vir hulle die weg tot saligheid. Christus het egter gekom en die weg tot saligheid verander. Hy Self het die weg tot saligheid geword. Ons lees in 6:4 en verder dat ons vir die sonde dood is deur die dood en die opstanding van Christus. Vers 4 sê dat ons so in 'n nuwe lewe kan wandel. Hierdie nuwe lewe is die weg van saligheid deur geloof in Christus. Die nagevolge hiervan is die feit dat ons nou geleer word dat ons vir die wet dood is. Dit beteken dat die navolging van die wet nie meer lei tot saligheid nie, maar die geloof in Christus lei tot saligheid. Romeine 7: 4 leer ons dat ons aan 'n ander behoort. Ons behoort nou aan ons ewige Verlosser, Jesus Christus. Hy maak ons vry van die wet volgens vers 3.

Beteken dit dat die wet dan ongeldig is? Nee, dit leer ons egter dat die wet se doel verander het. Die wet word nou die riglyn vir hoe God wil dat ons lewe. Dit word vir ons 'n lewe in dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Daarom vrugte dra. Die bedoeling van die wet was nog altyd 'n manier hoe God sy wil aan ons bekend maak en hoe Hy wil dat ons lewens gekenmerk word. Daarom word dit nou vir elke gelowige die manier hoe ons God kan verheerlik en word dit die vrug van dankbaarheid in die lewe van elke gelowige.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)